DEEL 114 | WEEK 9 | 4 MAART 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# LANDBOU IS GATVOL OOR TOELAE



Te midde van die toenemende agteruitgang van die Vrystaatse pad-infrastruktuur, is 'n toekenning van R45.2 miljoen paaie instandhoudingstoelaag van die nasionale tesourie gestaak. Dié besluit is om onbekende redes deur die Minister van Finansies op 25 Februarie geneem.

Vrystaat Landbou eis om van die minister te weet wat hom aangespoor het om die betaling van infrastruktuurtoelae aan die Vrystaatse Paaie departement te staak, aangesien dit lig kan werp op die onbevoegdheid / onreëlmatighede van die departement waarvoor hulle aanspreeklik gehou moet word. Volgens Tesourie kennisgewing No. 1794 is hierdie fondse weer aan ander provinsies geallokeer ingevolge die Wet op Verdeling van Inkomste.

Hierdie begrotingsbeperkings is tydens 'n vergadering van die Vrystaatse LUR van Polisie, paaie en vervoer bevestig. "VL is gevra om die departement by te staan om die paaie reg te maak, maar dat die departement nie boere vir hul uitgawes kan vergoed nie". Boere betaal skraperoperateurs sodat gruispaaie geskraap kan word en gebruik eie arbeid en hulpbronne om slaggate te vul!

Intussen het Sisi Ntombela, Vrystaatse premier, Dinsdag in haar provinsiale rede aangekondig dat bouwerk in die huidige boekjaar aan paaie afgehandel sal word wat insluit die Deneysville/Heilbron, Frankfort/Tweeling/Reitz paaie. Padherstelprojekte wat in die vooruitsig is is onder andere Heilbron/Edenville pad. Die Heilbron/Sasolburg pad gedeelte tot by Vyandsvlei is nie genoem nie. Meer as 'n miljard sal aan Vrystaat paaie spandeer word wat 5000 werksgeleenthede sal skep, het die premier haar rede mee afgesluit.

BONUS HARDWARE
HARDWARE & BUILDING SUPPLIES
WATER TANKS
260L Eco - R699
500L Eco - R1399
1000L Eco - R1999
1600L Africa Slim Line - R3500
1980L Eco - R1899
2000L Africa - R1899
2500L Yebo - R2399
5000L Yebo - R4999
CASCADE DRUKPOMPE
0.37kW @ R1599.90
0.75kW @ R2399.90
058 853 0169 | 31 BREË STREET | HEILBRON

TUISONDERRIG
Gekwalifiseerde Remediërende Onderwyser
Hoër- en Laerskool
Hulp met huiswerk, lees, spel, Wiskunde, Engels, Afrikaans, asook leer vir eksamen
076 217 1703



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae – Royal Auction Centre
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451





BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
www.bkb.co.za

5 Maart @ Moederkerksaal om 9:00
Plaasontbyt (9:00 - 10:00)
Kerrie-&-Rys
Witolifante
Aartappelskroewe
BASAAR
Pannekoek
Hope Pret!
Vleistafel
Poeding
Gebak
Huisvlyt
Kindertent
Kom deel in ons VLAGGIEFEES! dis die plek waar jy wil wees!

# BRONNIE-GEES TYDENS OPEDAG

Verlede Donderdag, 24 Februarie 2022, het Hoërskool Heilbron die graad 7-leerlinge van Heilbron en omliggende dorpe verwelkom om die Bronnie-gees tydens die opedag te beleef. Die voornemende leerlinge het die skool se koshuis, gimnasium en ander fasiliteite besoek. Terwyl die voornemende ouers in die saal toegespreek is en heerlike verversings geniet het, het die leerlinge lekker boeresport gehad, sokkie gehou en die Hoërskool sosiale lewe beleef. "Ons sien uit om julle almal as graad 8's te verwelkom in 2023!" is mee afgesluit.





# ARRESTED FOR STOLEN VEHICLES

Two suspects aged 26 and 39 appeared before the Heilbron Magistrate Court on Wednesday, 02 March 2022, for possession of suspected stolen vehicles and housebreaking implements.

It is alleged that in the early hours of 01 March 2022, at about 02:55, the Belrex camera operators alerted the Heilbron farmers after noticing two Toyota Hilux bakkies reported stolen in Reitz their systems.

The farmers then gave chase of the suspects and activated the Heilbron SAPS, Fezile Dabi District Task Team and neighbouring police stations working together to apprehend the suspects.

The suspects were chased up until the R57 near Lion Farm, where three of the suspects managed to run into the bushes and abandoned one of the stolen Toyota Hilux bakkies. In contrast, the police arrested one suspect driving the second Toyota Hilux bakkie and the second suspect driving a Toyota Corolla that was escorting the suspects.

The two Toyota Hilux bakkies and the silver Toyota Corolla were confiscated.

The two suspects are from Tembisa in the Gauteng province.



Acting District Commissioner of the Fezile Dabi District Brig Mapulane Mbeloane applauded all role players who ensured that these perpetrators were put behind bars. She concluded by encouraging joint efforts between SAPS, private law enforcement agencies and the farming communities as it brings a synergy while working together against crime.

# GEMEENSKAP VRA

Daar word 'n beroep gedoen op Heilbronners rakende die frustrasie met dwelmverslaafdes wat die sakegebied herhaaldelik skade doen, om alle kontak met bedelaars, straatverkopers en gomkop-dronkies te vermy en niks by niemand in die parkeerterrein te koop nie en geen geld of fooitjies uit te gee nie, selfs al het die persoon besigheidsdrag aan. Inwoners moet saamwerk deur hierdie mense nie die aandag wat hulle wil hê te gee nie en sal hulle dalk iewers anders gaan nesskrop.

# AFRIFORUM GEE FRANKFORT MUNISIPALITEIT BLOEDNEUS VIR 'N TWEEDE KEER IN HOF

Die Mafube plaaslike munisipaliteit het op 28 Februarie 2022 vir 'n 2de keer in die hof verloor nadat hulle geappelleer het teen 'n dringende interdik wat AfriForum in Julie 2021 teen hulle gekry het om die riool infrastruktuur van Frankfort in stand te hou. Die plaaslike munisipaliteit se verlof tot appèl was van die hand gewys en moet ook AfriForum se kostes vir die saak terugbetaal word.

Volgens Jaco Grobbelaar, AfriForum se streekshoof vir die sentraal streek, is die munisipaliteit besig om inwoners se geld te mors deur hofsake te dryf eerder as om die probleme in die dorp aan te spreek en verantwoordelikheid te neem. "In plaas daarvan dat die munisipaliteit verder belastingbetalers se geld mors op hofsake, kon hulle eerder die geld gebruik het om dienslewering in die dorp te verbeter en die riool infrastruktuur in 'n werkende toestand te kry. Dit wil vir my voorkom of die munisipaliteit homself tot die hoogste hof sal wend net om nie dienste te lewer nie," het Grobbelaar gesê.

Die interdik wat gekry is in 2021 het die hof versoek om 'n bevel toe te staan teen die Munisipaliteit om hulle te verplig om die onwettige riool storting in die Wilgerivier te stop.

Verder sluit die interdik ook die volgende in:

• Die deeglike instandhouding van die Namahadi pomphuis en Namahadi rioolwerke;
• Deeglike inspeksie op 'n gereëlde basis by die rioolwerke en herstelwerk te doen;
• Te verhoed dat die riool in die Wilgerivier invloei:
• Watermonsters te voorsien aan AfriForum van die rioolaanleg op aanvraag;
• Om gereelde betalings aan Eskom te maak sodat krag na die rioolwerke en pompe nie afgesny word nie.

"Dit is sleg dat AfriForum en die gemeenskap die hof moes nader om die munisipaliteit te verplig om dienste te lewer, maar dit blyk of dit die enigste uitkoms is nadat talle pogings aangewend is om saam met die munisipaliteit te werk om die probleme aan te spreek," het Grobbelaar bygevoeg.

AfriForum moedig die gemeenskap aan om betrokke te raak by die organisasies om sodoende druk te plaas op die regering om hulle verpligtinge aan die gemeenskap asook hulle Grondwetlike pligte na te kom.

# SO STAAN COVID NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 28 Februarie 2022 en dui aan Ngwathe het 6331 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1466 staan. Op 1 Februarie het Heilbron op 1444 bevestigde gevalle gestaan en is daar 22 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp gedurende die Februarie maand. Volgens die Nasionale Instituut vor Oordraagbare siektes is altesame 3 677 686 bevestigde Covid-19 gevalle al in die land aangemeld en is die jongste positiwiteitskoers 7.5%. Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is ook nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar. J&J word toegedien +60 dae na die eerste dosis en Pfizer +180 dae na die tweede dosis. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

## *Vervaardiging:* VLEKVRY & SAGTE STAAL

- VERVOERBANDE
- AWEGAARS
- STATIESE TENKS (304, 316 EN SAGTE STAAL)
- WAENS
- GIFMENG TENKS




## *Herstelwerk*

- AGRI IMPLEMENTE
- STROPER SLUIT PARTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- TRAILER ONGELUK HERSTELWERK





triangle
BRAKE & CLUTCH

## *Trailers:* ONDERDELE & SEILE

- TREKKER & TROK KOPPELAARS

WEWELER BPW HENRED FRUEHAUF




## *Bearings*

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SMEERMIDDELS

BEARINGS INTERNATIONAL BMG



## *Hidrolies*

- VOLLEDIGE SISTEME
- POMPE
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- CYLINDERS



EJ STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

Geregistreer by SABS


**Jaco Swart:**
**082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za**
**Martin Swart:**
**082 389 7961 | martin@ejsm.co.za**
**Eddie Swart:**
**082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za**


**www.ejsm.co.za**

# BRANDSTOFPRYSE



Suid-Afrika se stygende brandstofpryse duur onverpoosd voort, na onlangse nuus dat beide 93- en 95-oktaan-petrol vanaf Woensdag met R1,46 per liter gestyg het, terwyl diesel met tussen R1,44 per liter (0,05% swael) styg en R1,48 (0,005% swael).

Die petrolverhoging van R1,46 vir Maart sal die prys van 'n liter 95 unleaded tot R20,88 opstoot aan die kus, en R21,60 in die binneland, waar dit effens goedkoper is. 93 Unleaded sal nou vir R21,35 in die kleinhandel verkoop.

# VERKIES AS PRIMARIA



Stella Farrell is verkies as Primaria vir 2021/2022 van Bellatrix dames dorpskoshuis by die NWU Potchefstroom.

Sy is tans met haar finale jaar besig met 'n kwalifikasie in BSc in Omgewingswetenskappe in Plantkunde en Toerisme. Stella het in 2018 diens verrig as hoofmeisie van Hoërskool Heilbron.

GiG Technologies

Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS
NOW AVAILABLE AT
POSTNET HEILBRON

· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# *Uit die pen:*



## WEEK 9 VAN 2022

Miskien moet ek net gou verduidelik hoekom ek oor my skoolloopbaan skryf. Daar is altyd so baie stories wat ongeskryf bly, soveel so dat ons later daarvan vergeet. Elke keer as ek 'n tema of persoon beet kry om oor te skryf, laat weet ek my drie vriendinne, wat ook saam met my daar skoolgehou het.

Want sien: dit is soos wanneer vier mense na 'n ongeluk by 'n voetoorgang kyk. Vier mense het dieselfde ding sien gebeur, maar elkeen se perspektief verskil omdat hulle van 'n verskillende deel van die voetoorgang daarna kyk.

Sommige van die karakters wat ek al met julle gedeel het, klink nogal na skarminkels, ander na liewe mense. Maar verstaan mooi: elkeen het iets moois binnekant gehad. Daar is dalk net sommige insidente wat uitstaan, of wat my nou nog vies maak (nie kwaad nie – ek is lankal daar verby) of laat lag.

Sommiges is lank se tyd al dood, en ek, soos ander mense, wonder nog soms oor die spesifieke persoon.

Vandag se karakter is ook al dood, seker so 8 jaar gelede, ek kan nie mooi onthou nie. Kom ons noem hom Bertie.

Bertie het 'n praktiese vak gegee. Hy het gerook soos 'n skoorsteen, altyd met sy sigaret rondgeloop. Ja, daardie dae het almal vrylik op staatseiendom gerook en les bes ook sommer in die personeelkamer.

Toe ek die eerste dag by die skool aankom, was daar 'n oop sitplek langs Bertie, en daar het ek bly sit totdat ek die dag my klere en gewere opgepak het.

Bertie was daagliks langs my. Eers met die asbakkie en dagblad, en later net met die dagblad. Hy het soms die dagblad oor my gesig oopgesprei sodat ons lekker vir ander kon lag.

Hy was ongelukkig baie lief vir die bottel. Ten spyte daarvan dat hy 'n liewe vrou gehad het wat alles vir hom sou opoffer, as sy kon. Sy vrou was gestremd as gevolg van 'n insident jare gelede. Bertie het haar daagliks versorg, waaroor ek hom baie bewonder het.

Bertie was snaaks wanneer hy effens onder die prop was, maar hy was skreeusnaaks wanneer hy nugter was. Ek het in die eerste paar weke toe ek by die nuwe skool aangekom het, vir hom 'n grappie vertel, en hy het dit amper weekliks weer aan my vertel, asof ek dit nog nooit gehoor het nie. En ek het gelag. Asof ek dit nog nooit gehoor het nie.

Die matriekseuns besluit een dag dat hulle soos meisies gaan aantrek. Ter verdediging: daardie jaar se matriekseuns was regtig vermaaklik en het allerhande skelmstreke uitgedink. Een van die seuns steek toe ook sy hare weg met knippies.

So breek Bertie se periode met die matriekseuns aan. Bertie kom in die klas en sien eerste die seun met die haarknippies. Bertie begin klap, kruis en dwars, totdat die knippies uit die seun se hare is. Bertie blaas soos 'n blouwildebees met snotsiekte en storm by die klas uit.

Die seun het redelik letsels van die geklappery, en sy ma kla vir Bertie aan vir aanranding. As ek reg onthou, het is Bertie 'n boete opgelê. Nodeloos om te sê: Bertie en die seun was agterna nooit weer dik tjomme nie.

Bertie se swaarvoertuiglisensie is opgeskort omdat hy skuldig bevind is aan dronkbestuur. So gebeur dit dat ek een mooi middag sy rugbyspannetjie na die buurdorp moes vervoer met die groot bus, waarvoor ek 'n lisensie gehad het.

Die drie voertuie staan in gelid, gereed om te vertrek. Die twee kombi's aan weerskante van ons trek stadig weg, en dit voel kompleet na die teenoorgestelde: asof ons bus agteruit ry en die twee weerskante stilstaan.

Bertie, wat aanvanklik soet agter my op die passasiersitplek gesit het, spring met 'n gejuig tot voor langs my, in die bestuurdersitplek. "Stop! Stop! Jy gaan in die muur in *&%$!!" Nee, kalmeer, maat, dis nie ons bus wat beweeg nie, dis die twee busse aan weerskante.

Een middag met die eerstespan se rugbyligawedstryd staan ek langs die veld, langs die afrigter. Ons lag oor Bertie se mannewales. Ons sien Bertie oorkant ons staan, aan die ander kant van die veld. Dis koelerig, en Bertie het 'n trui aan.

Ek weet dat Bertie altyd sy selfoon by hom het. Ek bel vir Bertie terwyl die afrigter en nog 'n paar kollegas toekyk.

"Hallo?" antwoord Bertie, onseker oor hoekom ek hom bel.

"Bertie? Horie, moet nou nie skrik nie. Is jy alleen?" Bertie kyk rond en, sê hy dat hy wel alleen is. Die afrigter langs my begin solank lag, net vir ingeval.

"Horie, Bertie, ek staan hier oorkant die veld, kan jy my sien?" Ek waai van my kant van die veld af.

"Ja, hoekom?" en hy waai terug.

"Ou Bert, want ek wil dit nie voor almal sê nie, maar jou gulp is oop." Daar is 'n swangerige stilte wat tussen ons hang.

"O, dankie" en sê totsiens. Hy kyk skuldig om hom rond, trek sy trui voor af, en rek dit so lank as moontlik uit sodat dit oor sy gulp strek. Waar ek staan, kan ek sien hoe rooi word hy. Hy draai om en loop met die lank-gerekte trui tot by die kleedkamer, waar hy seker gesien het dat sy gulp nooit oop was nie.

Ons almal, Bertie inkluis, het later lekker daaroor gelag. Alles in 'n goeie gees. En ja, hy het my teruggekry, maar wat hy aan my gedoen het, kan ek glad nie onthou nie. Maar dit was net so snaaks, dit kan ek jou verseker.

Bertie se vrou is later dood, en hy is met 'n ander vrou getroud wat saam met hom die Langnekkatjie geliefkoos. Hulle het later getrek en hy het by 'n ander skool gaan skoolhou. Later is sy vrou dood, en hy ook. Wanneer ek hom in my gedagtes hoor praat, sê hy "seks", maar glad nie hoe jy of ek dit sou uitspreek nie. Sy weergawe was "saks".

Ai, ou Bertie, dankie vir al die lag.

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE: Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **NICOLAAS JOHANNES ELS,** Identiteitsnommer 470116 5001 081, wie oorlede is op **24 MAART 2021** en woonagtig was te EEUFEESSTRAAT 17, PETRUS STEYN, **BOEDELNOMMER 003595/2021**.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Petrus Steyn vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98**
**REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

---

Form JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER NO. T24511/2003 passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of PHILLIP MAPHAKISA Identity number: 510725 5291 088 and LEBOHANG BEATRICE MAPHAKISA Identity number: 520510 0753 086 in respect of certain ERF 1423 Phiritona district Heilbron Province Free State, In extent: 445 (Four Hundred and Forty Five) Square meters. which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 4th day of March 2022.
**APPLICANT AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

---

**VEGKOP BRAND-BESKERMINGSVERENIGING**

Algemene Jaarvergadering vind plaas op 17 Maart 2022 om 17:00 op Vegkopterrein.

Borge: Molatek en BKB
Navrae: Andries Swart
082 344 2086

---

**LANDE TE HUUR**

Tenders word ingewag vir die huur van 353ha lande.
Tenders kan skriftelik ingedien word by 12de Straat 6 of e-pos na matthee.issie@gmail.com
Nie noodwendig hoogste tender sal aanvaar word nie.

Tenders sluit 4 April 2022.

**Kontak Issie Matthee 082 683 9353**

---

**ATTENTION**

Building, Plaster, Paving, Painting, Roofing, Tailing, Topping.
*Contact Ben 065 357 5995*
*or Sam 061 748 8158*
K

---

**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE:**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
*Elsstraat 42 HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*

---

**BIBLIOTEEK OOP**

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE • DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**

MULLER DRAAIWERKE

**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

---

**BKB**
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

**Die komende week se BELANGRIKSTE veilings**

**MAANDAG - 7 MAART 2022**

BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 8 MAART 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

**WOENSDAG - 9 MAART 2022**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 10 MAART 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**VRYDAG - 11 MAART 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 12 MAART 2022**

FRANKFORT: DIÉ DORMER VEILING
11:00, Royal Auction Centre
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**

---

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

---

**BAAL / SNY & BAAL ...**

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# BETREKKING

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**

benodig dringend die dienste van 'n

**TIKSTER/SEKRETARESSE**

**Die kandidaat moet:-**
❖ Rekenaargeletterd wees;
❖ Goeie menseverhoudinge hê;
❖ Selfstandig kan funksioneer;
❖ Taalvaardig wees;

VORIGE REGS-SEKRETARIËLE WERK BY 'N PROKUREURSFIRMA SAL 'N AANBEVELING WEES

Aansoek en volledige CV met stawende bewysstukke moet gestuur word na Mnr Blignaut by e-pos bligwes06@gmail.com, faksnommer 058 863 2694 of ingehandig word te Sarel Cilliers straat 29, Reitz

---

**BETREKKING AANGEBIED**

'n Persoon word gesoek vir die **BESTUUR VAN 'N HOUTWERKFABRIEK** op Frankfort, Vrystaat.

- Kennis van houtwerk is **UITERS** noodsaaklik.
- Moet oor 'n tegniese agtergrond beskik vir algemene instandhouding van masjinerie.
- Moet onafhanklik funksioneer.
- Rekenaarvaardigheid sal voordelig wees.
- Moet oor geldige bestuurslisensie beskik.

**Ander pligte behels:**
Kliëntediens
Materiaal-aankope
Algemene bestuur van houtwerkfabriek

Pos is onmiddellik beskikbaar vir die geskikte kandidaat.

**Stuur volledige CV met 3 opvolgbare werksverwysings aan:**
***nicrukonstruksie3@gmail.com***

Indien u nie van ons verneem het teen 30 Maart 2022 kan u u aansoek as onsuksesvol beskou.

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

---

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer* Tel: 058 852 3033

---

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

---

**TE KOOP**

208 Honda CRV
Diesel te koop.
**Kontak Japie Steyn**
**082 770 5705**

HERALD Sport

# MOOI MIK IS MÔRE BELANGRIK



Heilbron Gholfklub se klubkampioenskappe is 'n jaarlikse toets om te kyk wie die klub se bestes is. Soos gewoonlik gaan dit weer in afdelings A,B,C, dames en Seniors gespeel word. Jackie Leonard is reg om sy titel te verdedig, maar enige iets kan op diè dag gebeur. Die B afdeling se manne gaan die pap dik aanmaak en hier is dit moeilik om 'n wenner te bepaal.

Vir interessantheid - Gemiddeld 12 794 rondtes gholf word elke dag in SA gespeel as bane oop is. Van die 4 490 275 tellings wat in 2021 op die voorgeestelsel ingelees is, was 9,3% (436 170) putjie-vir-putjie-tellings. Die gemiddelde voorgee indeks vir manlike gholfspelers in 2021 was 13,5 en vir vroue was dit 20,2. Ongelooflik, 135 gholfspelers het in die loop van 2021 meer as 200 rondtes gholf gespeel. Dit was 'n nek-en-nek-wedloop tussen Randpark en Buiteklub Johannesburg wanneer dit kom by die meeste aangetekende rondtes in 2021. Op die ou end het Randpark (78 634) CCJ (78 557) met net 77 rondtes afgereken.

Reëlings vir Saterdag se kampioenskappe is soos volg: inskrywings sluit Vrydag 4 Maart 2022 om 19:00. Registrasie is 5 Maart 2022 om 07:00 en afslaan begin om 08:00. Ledegeld is betaalbaar op die dag of reëlings moet getref word. Baan sal Vrydag 4 Maart 2022 gesluit wees om baanwerkers kans te gee vir nodige voorbereidings.










